higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

PLAASBEPLANNING EN MEGANISASIE
NKR VLAK 4

(1011044)

20 November 2018 (Y-vraestel)
13:00–16:00

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.

NCV

TYD: 3 UUR
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
4. Skryf netjies en leesbaar.

NCV

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf in die ANTWOORDBOEK slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) neer.

1.1.1 Temperatuur bepaal waar lewende organismes floreer of goed aard.

1.1.2 'n Sake-idee kan geskep word sonder om 'n geleentheid of behoefte in die mark raak te sien.

1.1.3 Reënval is die belangrikste faktor in die boerderyaktiwiteite van 'n streek.

1.1.4 'n Planter se uitmeetstelsel gebruik hoë, konstante lugdruk saadsingulasie.

1.1.5 Heinings word slegs vir beveiliging teen diefstal op plase opgerig.

1.1.6 Beitelploeë word vir swaardienswerk gebruik.

1.1.7 Die natuurlike terrein van grond bepaal landbouproduksie.

1.1.8 'n Boer se gesin behoort nie op die plaas te woon nie.

1.1.9 Die verwerking van plaasprodukte vereis nie noodwendig masjiene en brandstof nie.

1.1.10 Om nie aan die dele van 'n werkende masjien te raak nie, is 'n veiligheidsmaatreël.

(10 × 1) (10)

1.2 Kies 'n term uit KOLOM B wat pas by 'n beskrywing in KOLOM A. Skryf in die ANTWOORDBOEK slegs die letter (A–M) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.2.1	Ontbinding van chemiese verbindings in eenvoudiger, onskadelike chemikalieë	A	degradasie
		B	dehidrasie
1.2.2	Aftakeling van die omgewing deur besoedeling, oorbenutting en erosie	C	intensief
1.2.3	Gebrek aan water wat die normale werking van die liggaam belemmer	D	tande
		E	vuilheid
1.2.4	Die beskutte kant in teenstelling met die windkant of loefsy	F	ontbinding
1.2.5	Aanwending van groot hoeveelhede kapitaal en arbeid om goedere te produseer	G	sypeling
		H	sinteties
1.2.6	Water wat uit die grond syfer	I	lykant
1.2.7	Hoe styf draad getrek word	J	spanning
1.2.8	Vervaardig of mensgemaak	K	topografie
1.2.9	Dun uitsteeksels soos dié van 'n vurk	L	windry
1.2.10	Beskrywing van die natuurlike en kunsmatige eienskappe van 'n streek	M	kalibrering

(10 × 1) (10)

1.3. Voltooi die volgende sinne deur slegs die ontbrekende woord of woorde in te vul. Skryf slegs die woord of woorde langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.3.1 Voedsel word hoofsaaklik deur ... plaagdoders besoedel.

1.3.2 Die ... maak 'n voor waarin die saad val.

1.3.3 ... herbivore soos skape, beeste en bokke, vreet plante.

1.3.4 Die gevolg van die wisselwerking tussen vraag en aanbod in die mark word ... genoem.

1.3.5 Die veeboer gebruik ... om vee te voer.

1.3.6 'n ... word vir sekondêre aanplanting gebruik.

1.3.7 Kantharke word algemeen gebruik om gesnyde ... in windrye te kry.

Kopiereg voorbehou

1.3.8 ... ploeë word in sagte grond gebruik.

1.3.9 Gras word gesny as dit ... en voedsaam is.

1.3.10 Hoe meer ... 'n heining het, hoe ondeurdringbaarder dit is.

(10 × 1) (10)

1.4 Verskeie moontlikhede word gegee as antwoorde op die volgende vrae. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A-D) in die ANTWOORDBOEK langs die vraagnommer (1.4.1-1.4.5) neer.

1.4.1 Die sortering van landbouprodukte volgens ooreengekome spesifikasies:

A Standardisering
B Gradering
C Veiling
D Bevoorrading

1.4.2 Die finansiële beplanning wat die plaasonderneming se produksiekoste in geval van risiko soos ongunstige weerstoestande behels, word ... genoem.

A inkomstebelasting
B versekering
C kontantvloei
D boedelbelasting

1.4.3 Kapitaalbron as gevolg van winste wat in die bank opgehoop het, en waarmee kapitaalgoedere aangekoop word.

A Krediet
B Spaargeld
C Produksie
D Skenkings

1.4.4 ... is 'n primêre natuurlike hulpbron.

A Werkers
B Grond
C Kapitaal
D Bome

1.4.5 ... is 'n voorbeeld van vaste kapitaal.

A Voer
B Vee
C Water
D 'n Skuur

(5 × 2) (10)

Kopiereg voorbehou

1.5 Gee 'n kort beskrywing van die volgende terme.

1.5.1	Uitloog ('Leach')	(2)
1.5.2	Dors ('Thresh')	(2)
1.5.3	Ensiem	(2)
1.5.4	Bestaansboerdery	(2)
1.5.5	Tarief	(2)
		[10]
	TOTAAL AFDELING A:	**50**

NCV

AFDELING B

VRAAG 2

2.1 Bestudeer FIGUUR 1 en beantwoord die vrae.



[Bron: Farm Planning & Mechanisation, NQF L4, pp 115, Burger & Jones]

FIGUUR 1

2.1.1 Gee 'n geskikte opskrif vir FIGUUR 1. (2)

2.1.2 Benoem die implemente (1–10) in FIGUUR 1. (10)

2.2 Plaaswerkers word op die oomblik ingevolge die Wet op Basiese Diensvoorwaardes R5,59 per uur betaal.

2.2.1 Bereken die totale vergoeding wat 'n plaaswerker aan die einde van die maand ontvang as hy 35 uur per week en vier weke per maand werk. (4)

2.2.2 Beskryf bo en behalwe 'n salaris TWEE aansporings waarmee 'n mens werkers vir hulle harde werk beloon. (2)

2.2.3 Definieer die term *seisoensarbeid*. (2)

2.2.4 Gee 'n voorbeeld van seisoensarbeid. (1)

Kopiereg voorbehou

2.3



FIGUUR 2

In die bostaande grafieke word die vaardighede van 'n boer (bestuurder) en dié van 'n plaaswerker vergelyk.

2.3.1 Verduidelik kortliks hoe 'n plaaswerker en 'n boer hulle vaardighede in die bestek van hulle werk toepas. (3 × 2) (6)

2.3.2 Noem enige DRIE ander bestuursvaardighede waaroor 'n boer (bestuurder) moet beskik. (3)

[30]

VRAAG 3

3.1 Verduidelik die faktore wat 'n deurslaggewende rol speel wanneer 'n boer moet besluit of hy gaan meganiseer. (5)

3.2 3.2.1 Onderskei tussen *skoon bewerking* en *oppervlakbewerking*. (4)

3.2.2 Noem TWEE voordele van oppervlakbewerking. (2 × 2) (4)

3.3 Noem TWEE verskille tussen hooimaak en kuilvoermaak. (2 × 2) (4)

3.4 Noem DRIE redes waarom 'n verkoelerdop lek en die enjin dan oorverhit. (3)

[20]

VRAAG 4

4.1 4.1.1 Bespreek VIER faktore wat die vraag na goedere bepaal. (4 × 2) (8)

4.1.2 Noem TWEE maniere waarop 'n boer waarde tot sy produkte kan toevoeg as daar 'n ooraanbod van sy produkte is. (2 × 2) (4)

4.2 4.2.1 Noem VIER eienskappe wat grond vir besproeiing geskik maak. (4)

4.2.2 Noem VIER omstandighede wat 'n boer laat besluit om sy gesaaides te besproei. (4)

4.3 Voltooi die volgende tabel deur vir elke leningskategorie 'n toepaslike aanwending van kapitaal te kies. Skryf in die ANTWOORDBOEK slegs die antwoord langs die vraagnommer (4.3.1–4.3.4) neer.

Die volgende is belangrike aanwendings van kapitaal:
- Aankoop van masjinerie of plaaswerktuie
- Aankoop van grond
- Aankoop van misstowwe

DETAIL	LANGTERMYN-LENING	MEDIUMTERMYN-LENING	KORTTERMYN-LENING
Tydperk	20+ jaar	4.3.2	4.3.4
Aanwending van kapitaal	4.3.1	4.3.3	Aankoop van misstowwe

(4 × 1) (4)

4.4 4.4.1 Onderskei tussen die konsepte *opbrengs* en *wins*. (2 × 2) (4)

4.4.2 Watter TWEE ander faktore moet 'n mens in ag neem as jy jou opbrengs op grond bereken? (2)

[30]

VRAAG 5

Die onderstaande diagram toon aan hoe 'n vierslagdieselenjin werk.



[Bron: Farm Planning & Mechanisation, NQF L4, pp 130, Burger & Jones]

FIGUUR 3

Dui die tydreëling van die klep vir elke slag van 'n enjinsiklus aan soos uitgebeeld in FIGUUR 2.

5.1.1 Induksie (4)

5.1.2 Kompressie (1)

5.1.3 Krag (1)

5.1.4 Uitlaat (2)

5.2 Die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid van 1993 beskerm werkers in die werkplek. Desnieteenstaande is dit elkeen se plig om die veiligheidsregulasies by die werk te gehoorsaam.

Noem AGT onbesonne handelinge wat ongelukke tot gevolg kan hê. (8)

5.3 Aangesien 'n verkoeler maklik verstop kan raak, moet dit gereeld binne en buite skoongemaak word.

Beskryf kortliks hoe 'n mens 'n verkoeler binne skoonmaak. (4)

[20]

TOTAAL AFDELING B: 100
GROOT TOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou